KAMCARE
SOCIAL AND TRAINING SERVICES
PBO 930/029/982 NPC 2008/020258/08

Nuusbrief – Februarie 2019

Ons wil graag dankie sê aan Toy Adventures, die trotse borg van die Kamcare Nuusbrief. Ondersteun hulle gerus by Bylsbridge Centurion en The Grove winkelsentrum en by hulle aanlyn winkel by www.toyadventures.co.za

TOY ADVENTURES
Quality Toys Expert Advice

Belastingsvoordele . . . 'n wen wen kombinasie

Die Suid-Afrikaase Inkomste Diens (SARS) het belasting aftrekkingstatus aan Kamcare verleen ten opsigte van donasies ontvang wat aangewend word vir artikel 18(A) goedgekeurde openbare weldaadsaktiwiteite. Dit gee 'n belastingsvoordeel aan 'n individu of organisasie wat 'n donasie aan Kamcare maak. In kort beteken dit: Jy is geregtig daarop om die donasie van jou belasbare inkomste af te trek en jy spaar dus op jou inkomstebelasting. Die aftrekking is egter beperk tot 10% van die belastingbetaler se belasbare inkomste (uitgesluit die aftree enkelbedrag voordele) alvorens enige aftrekkings onder Artikel 18(A) toegestaan word.

Hierdie aftrekkingstatus by 'n organisasie is deesdae skaars. Kamcare het bewys dat ons interne en finansiële bestuur van so 'n aard is dat u ons met 'n geruste hart kan vertrou met u donasie en dat die skenking aangewend word vir dit waarvoor u dit skenk. Kontak gerus vir Liezel by 072 150 3994 hieroor.

Opleiding in die pyplyn

Daar is baie planne vir opleiding hierdie jaar en het ons reeds 'n paar opleidingsgeleenthede gehad. Hier is die volgende datums vir toekomstige opleidingskursuse:

Naaldwerk tegnieke – Elke Donderdag van 09:00 tot 12:00

Entrepreneurs opleiding – Begin die 5de Maart 2019

Bak klasse – 8 tot 11 April en 7 tot 10 Oktober

Sweis (beginner en meer gevorderd) 6-7 Mei, 19-20 Augustus, 21-22 Oktober

Leierseienskap ontwikkeling – 29 Julie tot 1 Augustus

Entrepreneurs opleiding – Begin die 5de Maart 2019

Ons nuwe pamflet

Baie dankie aan Christiaan Joubert vir die ontwerp van ons nuwe pamflet. Die pamflet bevat nie net opgedateerde inligting nie maar spog ook trots met ons nuwe Logo.

Links: Ons pragtige nuwe pamflette.

Besoek ons webtuiste vir meer inligting: http://www.kamcare.org
U kan ons ook vind op facebook: **www.facebook.com/kamcare**

Sweiskursus

Ons eerste sweis kursus vir die jaar is reeds afgehandel. Hiermee bemagtig ons die bywoners van dié kursus met bemarkbare vaardighede om hulle te help om vir hulleself ‘n bestaan uit te kerf. Die sweis-kursus bly ‘n gewilde kursus.

Regs: Oom Dirk en sy gretige studente.

Links: sweis is ‘n vaardigheid wat met oefening bemeester word

Nuwe hoop, nuwe besighede...

Die entrepreneurskursus wat vanaf 5 Maart by Kamcare aangebied gaan word is een van Kamcare se grootste en suksesvolste kursusse. Dit word deur Unisa aangebied en elke persoon wat deelneem ontvang dus 'n sertifikaat vanaf Unisa. Dit is 'n intense kursus en die leerders werk hard. 'n Nuwe entrepreneur word toegerus met vaardighede wat hulle in staat stel om hul eie besigheid van die grond af te begin en suksesvol te bedryf. Dit is oop vir enige persoon, veral vir jong entrepreneurs. Kontak gerus vir Liezel by 072 150 3994.

'n Vraag wat dikwels gevra word is: "Hoe kan my besigheid 'n saak ondersteun en self voordeel daaruit trek?" Kamcare bied besighede die geleentheid deur die BBB-EE verpligte bydrae. As jou besigheid se omset tussen R10 tot R50 miljoen is, kan jy by Kamcare die volle erkenning ontvang vir punte op Social Economic Development en / of Enterprise Development onder die kodes van goeie praktyk. Jy kan ook punte verdien indien jy tyd by Kamcare spandeer. Vir meer inligting kontak gerus vir Liezel Landman by 072 150 3994. Vir inligting rakende algemene B-BBEE prosesse kontak gerus vir Corné Grundling van BE(E) Wise by 082 704 9098.

Leierskapskursus

Vanaf 18-21 Februarie 2019 het Kamcare 'n leierseienskap ontwikkelings kursus aangebied, temas soos kommunikasie, konflikhantering, hoe om 'n vergadering te lei, notule te skryf ens. is behandel. 10 persone het deelgeneem en het deur ervaringsleer baie vaardighede aangeleer. Sterkte met jul toekoms, onthou om julle nuut aangeleerde vaardighede elke dag toe te pas!



My school / My Village / My Planet

Kamcare is geregistreer as ‘n My School / My Village / My Planet begunstigde. Wat dit beteken is Woolworths betaal ‘n gedeelte van die aankope wat by hulle gemaak word aan Kamcare terug. ***Jy kan ons help!*** Identifiseer Kamcare as een van jou begunstigdes, doen gewoonweg jou aankope en Kamcare kan voordeel daaruit trek. Dit gaan jou niks kos nie en dit kan ons instaat stel om voort te gaan met die wonderlike projekte waarmee ons reeds in die gemeenskap mee besig is. Indien jy dit wil doen, vra asb ‘n vorm aan by Thea by info@kamcare.org of doen dit aanlyn by www.myschool.co.za

Baie dankie aan elkeen wat betrokke is by Kamcare, hetsy deur ‘n vriendelike besoek, geselsie of ‘n donasie; ons waardeer julle ondersteuning opreg!

Tot volgende keer Liezel

Indien u dit in u hart voel om ‘n bemaking aan Kamcare te bemaak in u boedel, kontak asb. vir Jan Boshoff by 0764105638. Hy kan ook help met ander testamentêre kwessies en die bereddering van boedels.

Kontak besonderhede:

Fisiese adres: Plot 310 Sinagoge weg, Kameedrift-Oos
Posadres: Fotonet Suite # 79
Privaatsak x8 Lynn East 0039
Kantoor nommer: (012) 756 4223
(+27) 72 150 3994

Bank besonderhede:
Kamcare Social and Training Services
Absa Derdepoort
Tjek rekening
Rekeningnommer: 407 235 3253
Takkode: 335245

e-pos adres: info@kamcare.org Webtuiste: www.kamcare.org